

POLICY 014/2015 RAADSBELEID

ONDERWERP : BELEID INSAKE DIE AANHOU VAN PLUIMVEE, VOËLS EN DUIWE

VERWYSING : 1.3.1.1.16

BESLUIT NR : 18/05.1/2015 (SRV) **DATUM:** 13 Mei 2015

BELEIDSOOGMERK: Om die aanhou van pluimvee, voëls en duiwe asook die oprigting van voël- en duiwehokke op residensiële persele, te beheer en te beperk.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINGSELS

Aanhou van pluimvee, voëls en duiwe kan 'n gesondheidsgevaar en ongerief vir omliggende inwoners skep. Beleid is noodsaaklik om die aanhou van pluimvee, voëls en duiwe te beheer en te beperk.

RIGLYNE

1. Pluimvee mag slegs met die goedkeuring van die Raad op grond wat vir landboudoeleindes gesoneer is, in hokke aangehou word.
2. Voëls en duiwe kan slegs met die toestemming van die Raad op persele aangehou word soos in die Dorpsaanlegskemaregulasies bepaal. (Landbou, Res I, Res II)
3. Die oprigting van hokke vir die aanhou van voëls en duiwe binne die Munisipaliteit //Khara Hais se regsgebied, sal slegs oorweeg word indien daar aan die volgende vereistes voldoen word:
 - 3.1 'n Terreinplan moet aan die omliggende bure getoon word, waar die hokke op die erf geplaas gaan word.
 - 3.2 Die skriftelike goedkeuring van die direk aanliggende bure, dat hulle geen beswaar het met die oprigting van hokke en die aanhou van voëls of duiwe het nie.
 - 3.3 Met die aanhou van voëls, anders as duiwe, moet 'n permit van Natuurbewaring verkry word dat hulle tevrede is met die hokke waarin elke tipe voël aangehou word.
 - 3.4 Dat met inheemse voëls en bedreigde spesies, die eienaar in besit is van wetlike permitte soos deur Natuurbewaring vereis.
 - 3.5 Wanneer die eienaar 'n ander tipe voël wil aanhou as waarvoor hy toestemming het, die aanliggende bure weer hulle skriftelike toestemming moet gee en Natuurbewaring weer die nodige permit sal uitreik.
 - 3.6 Waar hokke gebou word deur konvensionele boumetodes te gebruik, sal dit onderworpe wees aan die bepalinge van die Dorpsaanlegskemaregulasies en die Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde.

- 3.7 Alle hokke, vir die aanhou van voëls, berging van voedsel en gepaardgaande items, moet aan die vereistes van Omgewingsgesondheid voldoen.
- 3.8 Alle voëls, duiwe en pluimvee, moet aam die Verordening Insake die Aanhou van Diere voldoen.

PROSEDURE

1. Alle aansoeke vir die oprigting van hokke vir voëls, duiwe en pluimvee en die aanhou van voëls, duiwe en pluimvee moet skriftelik, tesame met al die dokumentasie soos uiteengesit in die riglyne, by die Subdirektoraat Stadsbeplanning en Boubeheer ingedien word.
2. Goedkeuring van aansoeke sal alleenlik oorweeg word met die aanbeveling van alle relevante afdelings.

ROLLE

1. Die afdeling Omgewingsgesondheidsdienste.
2. Die afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer.

VERWANTE BELEID

1. Skemaregulasies.
2. Verordeninge aangaamde aanhou van pluimvee en voëls.

HERROEPING / WYSIGINGS

Dat alle vorige Beleidsbesluite in hierdie verband, herroep word.